*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

Geen skeppingswerk is doelloos en sonder betekenis nie – 20/4/58

**No: 7098** Niks wat daar in die skepping bestaan, is sonder doel of betekenis nie, maar nie altyd kan julle die korrekte doel van 'n skeppingswerk begryp nie. Julle vra julleself dikwels af waarvoor die een of ander geskape is, omdat dit volgens julle begripsvermoë lyk of dit nêrens kan dien nie.

Maar reeds hierdie verklaring moes vir julle al toereikend gewees het; dat alles wat bestaan "**krag uit God is"** wat eendag weer tot werksaamheid moet kom. Maar hierdie krag is egter heeltemal verskillend volgens haar werksaamheid, omdat sy haarself op heeltemal verskillende afstande van God kan bevind. **En "afstand" is gelyk te stel met weerspannigheid.**

Sodoende bestaan die geestelike substansie uit God se uitgestraalde krag, wat ondanks die reeds baie lang weg van ontwikkeling, in die "jy moet toestand", haar weerstand maar baie weinig verminder het; maar wat egter tog volgens die Goddelike ordening die weg van ontwikkeling moet voortsit en dus steeds nuwe uiterlike vorme betrek wat 'n langsame aktiwiteit toelaat. Maar hierdie aktiwiteit stem ook weer ooreen met die weerstand van die geestelike. Sy verrig dus geen duidelike diens aan die mens of aan ander skeppingswerke nie, maar dien tog indirek.

Dit sal vir julle meer verstaanbaar word as julle dink aan die skadelike soorte uit die diere- en planteryk, **aan ongediertes en aan giftige plante**; - juis dit wat julle as doelloos en skadelik in die skepping van die natuur beskou. Maar al hierdie produkte is "draers van Goddelike krag", wat in hulle ingeslote geestelike substansies **'n beperkte moontlikheid gee tot loutering.**

En gelyktydig dien hierdie nietige skeppingswerke weer ander skeppings tot behoud, deels as voeding vir groter lewende wesens, deels as bemesting van die voedingsbodem van die plantewêreld, hoewel julle mense so 'n uitwisseling dikwels nie sal kan waarneem nie. Maar ook vir die mens self kan dit vir sy geestelike ontwikkeling, wat dikwels beproewinge verg, dienstig wees, wanneer die mens deur geduldsbeproewinge van allerlei aard moet bewys of hy die korrekte ingesteldheid het tot alles wat God deur Sy wil laat ontstaan het.

Daar bestaan dus niks wat nie sonder doel of betekenis is nie, - of die mens egter die betekenis en die doel van elke werk insien, is nie beslissend nie.

Maar sy geloof in God se Liefde, Wysheid en Mag moet hom 'n sekere eerbied gee teenoor alles wat deur God geskape is, **omdat hy andersins aan die Liefde, Wysheid en Mag van God sal twyfel**.

Van die van God eens uitgegane "kragstroom", dit wil sê, vir die opgeloste substansies van die oergeskape geeste, is elke stoflike omhulsel 'n groot genade, - want sy word omvat deur God se Liefde en sodoende in 'n uiterlike vorm geplaas. En al verraai die verskillende vorme die weerspannigheid teen God, so het God desondanks tog die geestelike omvou om haar langsaam van 'n "jy moet toestand" omhoog te voer. Slegs hierdeur alleen moet julle mense leer om elke skeppingswerk met geestelike oë te bekyk. Julle moet daaraan dink dat God waarlik van alles weet wat vir julle mense nog verborge is. Julle mag dus nie voortydig oordeel nie, **omdat julle dan op die skeppings van God kritiek uitoefen, - waartoe julle waarlik geen reg het nie.**

Want sodra julle glo dat die skepping God se werk is, moet ook alle skeppingswerke vir julle bo twyfel verhewe wees. En julle sal dan ook leer om die skepping met **liefhebbende oë** te beskou, wat vir julle tot nog toe afkeer en antipatie ingeboesem het.

Dit beteken egter nie dat julle die geskapene teen sy bestemming mag begunstig nie, want sodra duidelike skade aangerig word, mag julle ook daarteen ingaan en die ontwikkelingsweg beëindig. Want ook dit is volgens die wil van God, dat hierdie skeppings geen lang lewensduur sal hê nie en dat julle die reg het om die lewensduur te verkort, sodat die geestelike substansies hulself deur steeds nuwe uiterlike vorme 'n sekere rypheid kan verwerf. Want dan kan sy tot dienende funksies toegelaat word, sodra die voormalige weerstand afneem, sodra die geestelike sovêr gekalmeer is dat sy bereidwillig wil dien en daardeur langsaam opwaarts sal styg.

Julle mense moet weet dat ook julleself, dit wil sê, jou siel, sulke substansies in haarself berg wat hierdie voorgenoemde weg moes aflê. Want julle het alles in julleself waartoe julle oë in staat is om te sien. Maar God se Liefde, Wysheid en Mag weet hoe om alles in die korrekte orde te lei, want Hy beoog slegs een doel wat Hy ook eendag sal bereik. Amein.

Verkeerde interpretasie van die Skrif - Werking van die Gees – 26/4/58

**No: 7103** Julle mense interpreteer dikwels die woorde van die Skrif volgens julle behoefte. Die geestelike betekenis van die Woord stem nie ooreen met die doelwitte en planne wat julle volg nie, **en julle interpreteer dan die letter wat verskeie betekenisse kan hê**.

Gevolglik was baie foute versprei onder mense wat nogtans hardnekkig daaraan vasgehou het deur altyd te verwys na gedeeltes in die Skrif. Dit het byna onmoontlik geword om hierdie foute te ontbloot en uit te roei, **omdat die geestelike duisternis steeds dieper word, hoe nader die einde kom**.

En juis hierdie foute is die kranse wat veroorsaak dat mense faal, - die wat daarna streef om die waarheid te vind - en dan begin hulle om te twyfel en uiteindelik

gebruik hulle dieselfde vertwyfelinge om alles wat geskryf is in die Boek van Boeke **teen te staan**.

As hulle opregte soekers van die waarheid sal wees, dan sal hulle die waarheid vind, al is dit op ander maniere as die gewone, **deur die verkondigers van God se Woord**.

Maar as by hulle die nodige erns vir die waarheid ontbreek, sal hulle maklik tevrede wees met dié foute, ten einde hulself heeltemal los te maak van geloof, of van godsdienstige doktrines, wat nogtans kan ooreenstem met die waarheid. Dit is die groot gevaar inherent aan alle misleidende onderrig.

Verkeerde interpretasie van die Skrif kan ook aan die invloed van die teenstander van God opgedra word, want hy probeer ook om baie verwarring te saai binne die kringe van mense wat bereid is om te glo **en as hy sy invloed op hul leier kan uitoefen, sal hy daarin geslaag het om enorme duisternis te veroorsaak.**

Baie woorde van die Skrif is inderdaad geënkripteer, m.a.w. hul betekenis is **nie vanselfsprekend vir die menslike verstand nie**, hulle kan verskillend geïnterpreteer word en sal slegs korrek geïnterpreteer word **indien die persoon se gees ontwaak is** en hul betekenis wil weet. Dit is God se wil dat mense elke Woord moet lees met volle opregtheid, **met die begeerte vir waarheid** en in kontak met Hom, sodat God self met hulle kan praat, **en dan sal Hy hulle waarlik korrek onderrig en verlig.**

Maar omdat God se "veronderstelde" verteenwoordigers gewoonlik toelaat dat hulle verstand eerste praat, want hulle bestudeer en bepeins ten einde die betekenis van die woord te ontdek, **sal die geestelike betekenis vir hulle bedek bly totdat hulle in nouste kontak met God kom en Sy Gees afsmeek**.

En die Gees van God sal hulle korrek onderrig, maar Sy sal altyd dieselfde openbaar aan mense. Geen mens moet homself geregtig ag om self die Woord van God te verstaan deur bloot sy verstand te gebruik nie en geen mens moet homself geregtig ag om dit te interpreteer sonder God se ondersteuning nie.

Niemand behoort te glo dat die uitvoering van formele gebede genoeg is om goddelike ondersteuning vir homself te verseker nie. God verwag meer. **Hy verwag 'n lewe van liefde wat die hart omvorm tot 'n ontvanklike houer vir die Goddelike Gees,** want Hy kan slegs verenig met 'liefde', omdat Sy Gees slegs in werking kan tree in **'n mens wat homself tot liefde omvorm het.**

En hiermee is dit weer duidelik hoe 'n interpretasie beoordeel kan word in verhouding tot waarheid. Selfs die skerpste verstand of intellek is nie in staat om die waarheid vas te stel, waar 'n lewenswyse dit onmoontlik maak vir God se Gees om te manifesteer nie, **want die werking van die Gees kan nie vervang word deur intellektuele aktiwiteit nie**.

So baie misleidende leringe sou nie in die wêreld versprei kon gewees het as hierdie basiese reël net altyd waargeneem was dat **"dorings geen vrugte kan oplewer nie".**

En juis daardie mense wat groot helpers was vir God se teenstander, het hulself die meeste onderskei met interpretasies en vertalings van die Skrifte, alhoewel die resultate hulself eers in latere tye openbaar het, want dit het gelei tot verdeeldheid en geskille en het selfs meer verwarring veroorsaak.

En dit is slegs moontlik om sulke foute weer reg te stel met die suiwer waarheid van God, die oordrag wat dus ook 'n ontwaakte gees noodsaak. Maar slegs mense wat in liefde leef en die inwonende gees die geleentheid bied om 'n lig in hul harte aan te steek, sal sulke regstellings aanvaar.

**Slegs die waarheid lei egter tot seëninge**. Alle misleiding is 'n hindernis op die weg na bo. Om hierdie rede moet die suiwer waarheid uitdruklik verkondig word deur diegene wat dit van God Self ontvang. Want dit is die taak wat aan hulle gegee is toe hulle die waarheid ontvang het, want slegs waarheid is lig en slegs waarheid lei na saligheid. Amein.